



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP  
ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 1****TEKS A: WYS SÓ JOU LIEFDE**[Verwerk uit: [www.vitanova.co.za](http://www.vitanova.co.za)]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Haar ma het (gelag en) gesê dat sy haar liefhet.</li> <li>• Haar ma het haar gesoen.</li> <li>• Haar ma het haar saans in die bed gesit. (Enige TWEE) (Kan ook in een sin aangebied word)</li> </ul>	2	2
1.2	“rustige hart” (ook sonder aanhalingstekens)	1	2
1.3	eerlik/nie diplomaties nie/sonder om te dink/soos dit is/openlik/reguit/direk/prontuit	1	3
1.4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Chapman en Cambell</b> wil vir ouers aandui hoe om (op verskillende maniere) liefde aan hul kinders te betoon.</li> <li>• Chapman en Cambell wil (met hulle navorsing) aandui dat ouers nie altyd weet hoe om liefde te betoon nie</li> <li>• Chapman en Cambell wil aandui dat kinders 'n behoefte aan liefde het. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2
1.4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is 'n hulpmiddel vir ouers/ouers wat nie altyd weet hoe om liefde te wys nie.</li> <li>• Die boek bied goeie raad aan ouers hoe om hulle kinders lief te hê. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.4.3	“navorsing”/”bewys”	1	2
1.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit gee die kind ’n gevoel van sekuriteit/dit laat hom gemaklik/gerus/veilig voel.</li> <li>• Die kind voel geliefd/ die woord ”warmte” omskryf. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	1
1.5.2	Die kind voel ongemaklik/bang/onseker/onveilig (of soortgelyk).	1	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• kindermishandeling</li> <li>• D kindermishandeling (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• “Mamma is lief vir jou.”</li> <li>• “Pappa is trots op jou.”</li> <li>• Ouers kan vir hulle kinders sê dat hulle lief is vir hulle/trots op hulle is. (Enige EEN of soortgelyk – ook eie woorde vir liefde/trots)</li> </ul>	1	2
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kind mag voel dat sy/haar ouers nie lief is vir hom/haar nie.</li> <li>• Die kind mag seergemaak voel.</li> <li>• Die kind mag hartseer/sleg voel/skuldig voel. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit herinner die kind (terwyl hy weg van hulle is) aan die ouers se liefde.</li> <li>• Dit laat die kind spesiaal/geliefd/belangrik voel.</li> <li>• Dit kan positiewe gedrag by die kind versterk. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kwaliteittyd verwys na <b>hoe goed</b> ouers tyd saam met hulle kinders deurbring.</li> <li>• Kwaliteittyd dui op gehalte/wat ouers en kinders saam doen. (Enige EEN of soortgelyk) (Nie ’n voorbeeld gee nie, verduidelik)</li> </ul>	1	1
1.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle/stout kinders soek (die ouers se) aandag.</li> <li>• Hulle/ stout kinders kry nie aandag (by hulle ouers) nie. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
1.12.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Die pa het geskenke gekoop) om die kind stil te maak.</li> <li>• Die pa wou die kind uit sy pad hou. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.12.2	Dit was 'n slegte/nie-liefdevolle verhouding. (Nie 'n voorbeeld nie)	1	3
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• "Om geskenke te gee, het egter niks met die prys van die geskenk te doen nie. "</li> <li>• "Die gedagte agter elke geskenk is belangrik. "</li> </ul> (Enige EEN) (Ook sonder aanhalingstekens, moet hele sin gee)	1	3
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ouers gee geskenke wat nie by die kind se ouderdom /belangstelling pas nie.</li> <li>• Ouers dink geskenke vervang liefde/is genoeg om liefde te wys.</li> <li>• Ouers dink die prys van 'n geskenk wys hoe sterk hul liefde vir hul kind is.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
1.15.1	Kinders kan hulle bed opmaak/kamer skoonhou (uit teks).	1	1
1.15.2	Ouers kan kinders met skooltake help/sportoefeninge bywoon (uit teks).	1	1
1.16	Ja. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit leer kinders om verantwoordelik te wees.</li> <li>• Dit wys dat die kinders ook lief vir hulle ouers is.</li> </ul> OF Nee. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kinders moet op skoolwerk konsentreer.</li> <li>• Kinderarbeid is teen die wet.</li> <li>• Kinders het nie tyd om dit ook te doen nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk.)	1	4
1.17.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Na) "The Five Love Languages of Children" (volledig)</li> <li>• (Na) die boek van Gary Chapman en Ross Cambell.</li> <li>• (Na) die boek wat in hierdie artikel bespreek word.</li> </ul> (Enige EEN)	1	2
1.17.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die skrywer sê dit is 'n boek wat jy moet lees</li> <li>• 'n moet-lees-boek.</li> </ul> (Enige EEN)	1	5

<b>TEKS B: SUID-AFRIKA SE SJOKOLADEMARK</b> [Verwerk uit: <a href="http://www.grafika24.com">www.grafika24.com</a> ]			
<b>VRAAG</b>	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>DENK-VLAK (Barrett)</b>
1.18	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die smeltende sjokolade plaas die statistiek binne die konteks van die onderwerp, naamlik sjokolade.</li> <li>Die smeltende sjokolade trek die leser se aandag/verlei die leser om verder te lees. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5
1.19	(In) 2012	1	1
1.20.1	Lyn A dui (die groei/toename in) <b>Suid-Afrika</b> se sjokoladeverkope/-mark aan.	1	2
1.20.2	Lyn B dui (die groei/toename in) <b>die wêreld</b> se sjokoladeverkope/-mark aan.	1	2
1.21	Elke blokkie verteenwoordig 1 miljard (rand).	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lyne A en B is gebroke na 2015.</li> <li>Die lyne lyk anders na 2015.</li> <li>Dit was nog nie 2016 en 2017 nie.</li> <li>Dit is slegs projeksies/voorspellings. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>			<b>30</b>

**AFDELING B: OPSOMMING****Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2****TEKS C: ELKE WERKNEMER HET REGTE**[Verwerk uit: [www.forbes.com](http://www.forbes.com)]**Direkte aanhaling****Eie woorde**

Werknemers het sekere regte, daarom is dit nodig dat jy seker maak wat jou regte as werknemer is voordat jy 'n kontrak by 'n werksplek teken. Jy as werknemer het die volgende regte:

**Jy het die reg om met ander werkers oor julle werksomstandighede te praat.** Dit is goed om openlik te praat oor dié dinge wat jou frustreer.

Die Nasionale Arbeidswet beskerm jou teen **onregverdige** werksomstandighede. **Daarom het jy ook die reg om oor sulke werksomstandighede te kla.**

Die meeste werksplekke het 'n handboek wat die werkers se verantwoordelikhede uitspel. Dit kan goed wees dat jy vir jou 'n afskrif daarvan kry en dit deurlees, want **jy het die reg om te weet wat jou verantwoordelikhede is.**

**'n Werknemer het verder die reg op verlof** soos byvoorbeeld siekteverlof. Maak seker jy weet hoeveel dae per jaar jy afwesig mag wees. Onthou, jou werkgever kan weier om jou vir daardie ekstra verlofdae te betaal. Dit is sy/haar reg.

Lees altyd eers alle amptelike dokumente soos byvoorbeeld kontrakte, deeglik deur. **Jy mag vir kopieë van alle dokumente wat jy teken, vra.** Jy moet mos weet wat aangaan.

As jy aangestel is vir 'n 40-uur-per-week-pos, is dit altyd wat jou werkgever van jou mag vra vir werk. **Dit is jou reg om ekstra betaling vir oortydwerk te eis.**

**Werknemers is ook geregtig op 'n etenstydbreuk gedurende die werkdag.** Rus is belangrik om meer produktief te wees.

Ken jou regte. Dit sal help om jou gelukkig en produktief te maak.

1 'n Werknemer mag met ander werkers oor sy/haar werksomstandighede praat.

2 Jy mag oor (onregverdige) werksomstandighede kla.

3 Jy mag weet wat jou verantwoordelikhede is.

4 Jy het die reg op verlof.

5 Jy het die reg om vir kopieë van alle dokumente wat jy onderteken, te vra.

6 Jy mag (ekstra) betaling vir oortydwerk eis.

7 Werknemers het die reg op 'n etenstydbreuk.

(57 woorde)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 3****TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit: [www.lifebuoy.co.za](http://www.lifebuoy.co.za)]

<b>VRAAG</b>	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>DENK-VLAK (Bloom)</b>
3.1	Lifebuoy/hande(was)seep	1	2
3.2	blitsvinnig	1	1
3.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die stophorlose versterk die 10 sekonde-gedagte/vinnig-gedagte.</li> <li>• Die stophorlosie wys dat die handewasseep binne 10 sekondes werk.</li> <li>• Die stophorlosie is 'n visuele uitbeelding van die 10 sekondes. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5
3.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skoon/nie vuil nie ✓</li> <li>• mooi ✓</li> </ul> (OF sinonieme)	2	6
3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die uitroepteken beklemtoon dat LIFEBOUY die bekendste handewasseep is.</li> <li>• Die uitroepteken vestig die aandag op die feit dat LIFEBOUY die bekendste handewasseep is. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
3.6	gewoontes	1	2
3.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lifebuoy seep is die beste.</li> <li>• Daar is nie 'n ander handewasseep wat beter is nie. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.8	"jou" (nie "jy" nie)	1	2
3.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Lifebuoy baie kragtig is.</li> <li>• B Lifebuoy baie kragtig is (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>[10]</b>	

**VRAAG 4****TEKS E: BY DIE HUIS**[Verwerk en vertaal uit [www.closetohome.com](http://www.closetohome.com)]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy is onseker/huiwerig.</li> <li>• Sy weet dat wat sy gaan vra, nie reg is nie.</li> <li>• Sy dink aan wat die inbreker nog kan steel.</li> <li>• Sy probeer die inbreker se aandag trek. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
4.2	vat/steel/gaps	1	5
4.3	Meneer/meneer/Mnr./mnr./Mnr/mnr	1	4
4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• die lamp haat.</li> <li>• B die lamp haat. (Enige EEN)</li> </ul>	1	6
4.5	Vat ook die borde in die kombuis, want dit bots met my kleurskema. Vat die borde in die kombuis ook, want dit bots met my kleurskema. (as kandidaat enige deel van sin verkeerd maak al is die kerngedeelte korrek – 0 punte)	1	3
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy dink (eers wat sy nog kan sê).</li> <li>• Sy dink eers oor wat sy nog kan noem wat die dief moet vat.</li> <li>• Dit dui aan dat haar sin nog nie voltooi is nie/sy nog nie klaar gepraat het nie. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy is verbaas/geskok.</li> <li>• Hy kry nie kans om te praat nie.</li> <li>• Hy is besig om te steel/nog goed te vat. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4



4.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die borrel wys dat hy dink.</li> <li>Sy mond is toe.</li> <li>Sy gedagtes is in 'n ander lettertipe/skuinsdruk. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle het nie 'n gelukkige/goeie verhouding nie.</li> <li>Hy is nie meer lief vir sy vrou nie/hou nie van sy vrou nie. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5
4.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die vrou moedig die inbreker aan om te steel.</li> <li>Die man wens sy vrou word ook gesteel.</li> <li>Die man wens hy kan van sy vrou ontslae raak. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>[10]</b>	

**VRAAG 5****5.1 TEKS F: DRUK DOOD!**[Verwerk uit *Huisgenoot*, 15 Mei 2014]

<b>VRAAG</b>	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>DENK- VLAK (Bloom)</b>
5.1.1	persoonlike	1	1
5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>skoorsteen</li> <li>A skoorsteen Enige EEN</li> </ul>	1	2
5.1.3	Sy was moeg daarvoor aangesien sigarette haar siek gemaak het.	1	3
5.1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jeanine het een oggend opgestaan.</li> <li>Een oggend het Jeanine opgestaan.</li> </ul>	1	3
5.1.5	Sy het nie gesukkel om asem te haal nie.	1	3
5.1.6	los/laat vaar/laat staan	1	2
5.1.7	ergste	1	1
5.1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sy het 'n sigaret werk toe geneem en dit heeldag skelmpies in haar handsak gehou.</li> <li>Sy het skelmpies 'n sigaret werk toe geneem en dit heeldag in haar handsak gehou.</li> </ul>	1	3
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sy sê dat dag twee vir haar ✓ moeiliker as dag een was. ✓</li> <li>Sy sê dat dag twee vir haar ✓ moeiliker was ✓ as dag een. (Enige EEN)</li> </ul>	2	3
5.1.10	vyfde	1	2

5.1.11	maer/slank/skraal	1	1
5.1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sy behoort goed oor haarself te voel.</li> <li>Sy behoort goed te voel oor haarself. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
5.1.13	Haar lewe is deur 'n simpel papierstokkie beheer.	1	3

**5.2 TEKS G: PRENT**[Uit [www.google.com](http://www.google.com)]

<b>VRAAG</b>	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>DENK- VLAK (Bloom)</b>
5.2.1	fiets	1	2
5.2.2	borg	1	2
5.2.3	waterbottel	1	2
5.2.4	handvatsels	1	2
5.2.5	pedale	1	2
5.2.6	helm	1	2
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>[20]</b>	
<b>TOTAAL AFDELING C: 40</b>			
<b>GROOTTOTAAL: 80</b>			